

Vrydag **29 Maart**

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14

Fokusgedeelte: Openbaring 5:5

Christus die Offerlam

Sonder hoofstuk 5 sal die boek Openbaring vir ons geen troosboek wees nie. Die gebeure wat hier beskryf word, is die dieptesnit van ons ENIGSTE troos in lewe en in sterwe. Vanaf die oomblik wat God die belofte gemaak het dat iemand uit die saad van Eva die slang se kop gaan vermorsel, is Christus in 'n stryd gewikkel en ontplooi HY die hele geskiedenis só dat Hy as oorwinnaar vir ewig kan regeer (vgl. Op. 17:14). Die beeld waarmee Christus in hierdie hoofstuk beskryf word, 'n Leeu wat ook 'n geslagte Lam is, is treffend. Christus behaal die oorwinning nie as 'n leeu wat verskeur en slag nie, maar as 'n lam. Fyn in beheer het Christus die hele geskiedenis gestuur sodat Hy aan die kruis as die volmaakte Offerlam verlossing vir al God se kinders kon bewerk deur Homself in ons plek te laat kruisig. As opgestane Here wat nou aan die regterhand van God sit, vanwaar Hy steeds die hele geskiedenis in die fynste besonderhede bestuur, sal Hy terugkeer as die Leeu uit die stam van Juda! Hy alleen is die Heerser van die heersers en Koning van die konings.

Watter troos lê daar nie vir ons in hierdie waarheid nie. Nie net kan ons daarna uitsien dat Jesus moet terugkeer nie, maar nou reeds kan ons as gelowiges moedig voortbeur, al kry ons swaar omdat ons ook deel is van Christus se stryd en saam met Hom stry in hierdie sondige bedeling. Ook my lewenspad is sy pad met my sodat Hy sy doel met my kan bereik. Christus ontplooi tot in die fynste besonderhede God se plan van verlossing vir elke kind van Hom.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)